**PARKSIG**
**Eiendomsagentskap**
Huise — Plase — Plotte
Besighede — Standplase
vir 'n eerlike
transaksie
sien of bel
**1486 — Na-ure 2054**
(Eienaar: G. Schoonhoven)

die **Wapad**

*Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie... spreek dan*
**EDDIE DE BEER**
**Diamantslyper**
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

**JAARGANG XVII** **WOENSDAG 13 JUNIE 1962** **Nr. 6**

OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# Lewensuitkyk van Afrikanerstudent

## Twee beginsels

**„Dit het tyd geword dat Afrikaanse studente baie meer aktief belang stel in die buiteland", het mnr. H. D. K. van der Merwe, president van die A.S.B. Woensdagaand voor 'n A.S.B.-vergadering in die Studentesaal gesê.**

Suid-Afrika bestaan nie meer in isolasie van die buiteland nie. In die nuwe tyd moet Afrikaanse studente kennis dra van strominge, denkrigtinge en gebeure in die wêreld.

Hy het vervolg dat die A.S.B. maar eers omstreeks 1952 begin het met 'n studie van denkrigtinge in die buiteland. Die A.S.B. het vir Suid-Afrika reeds waardevolle kennisse en kontakte opgebou.



Mnr. Daan van der Merwe, president van die Afrikaanse Studentebond, saam met mnr. Peet Strydom en Pieter Kapp, vise-president.
*Foto: Fotokuns.*

Sy direkteur vir buitelandse betrekkinge, mnr. Pieter Kapp, is tans oorsee en doen nie alleen vir die A.S.B. nie, maar ook vir Suid-Afrika baie goeie werk.

Mnr. Van der Merwe het vervolg dat twee temas deel vorm van die Afrikanerstudent se lewensuitkyk.

Die eerste hiervan is sy erkenning van die soewereiniteit van God op alle lewensterreine. Die tweede tema is die vryheidsin van die Afrikaner.


Hy het die Afrikanerstudente gewaarsku om hierdie twee temas altyd in ere te hou, te beskerm en daarvolgens te lewe.

Afrikaanse studente moet voorts daarteen waak dat hulle hul ore nie te veel leen aan wat oorsee gesê en gedink word nie. In hierdie verband het hy gemaan teen die gevaar van studente wat in die buiteland studeer en wie se lewensuitkyk dan deur die Europese denkgees meegesleur word. Hierdie studente se vryheidsin en godsdiens — soos die Afrikaner dit sien — word dan aangetas.

Voorts het hy 'n ernstige beroep gedoen op studente om hard te studeer en om die beste te haal uit akademiese opleiding.

„Met die dinge wat die Afrikanerstudent toekom, moet hy worstel, maar steeds sy geloof behou. Sy verlede en kulturele erfenis mag hy nooit verloën nie".

Mnr. Van der Merwe het voorts uit artikels aangehaal wat in die buiteland teen die Afrikaner en Suid-Afrika gesê word: „Engeland bestee miljoene Rand



Koos du Plooy
*Foto: Fotokuns.*

aan die nie-blankes van Afrika en veroordeel Suid-Afrika om elke draai sonder om om te sien na sy eie swakhede en mense".

Die taak van die Afrikanerstudent is om ernstig kennis te neem van hierdie verwikkelinge op sy Christelik-nasionale grondslag steeds sterk te staan vir sy beginsels.

Mnr. Van der Merwe is aan die gehoor voorgestel deur mnr. Koos du Plooy, voorsitter van die S.R.

## Rasseskeiding

Die Studenteraad van die Universiteit van Kaapstad het hulle onlangs uitgespreek teen die feit dat die eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika in lokale van die Universiteit van Kaapstad afgeneem word. Die rede hiervoor is die feit dat die Universiteit van Suid-Afrika rasseskeiding toepas by die afneem van hulle eksamens en dat juis dit die aangeleentheid is wat bots met die begrip van Akademiese Vryheid soos deur die Studenteraad van bogenoemde Universiteit gehuldig word. Die Studenteraad het dan ook hulle besluit en misnoeë in die verband aan die Prinsipaal en Owerhede gestel.

## Kultuursituasie van ons tyd

Die sentrale tema van vanjaar se A.S.B.-kongres is: *„Die Kultuursituasie van ons tyd"*. Prof. P. J. Coertze van U.P. sal die tema toelig.

Die volgende referate sal gelewer word:

„Die Afrikaner in die huidige kultuursituasie", deur mnr. Koos de Wet van U.O.V.S.

„Blank teenoor blank in die huidige kultuursituasie", deur 'n afgevaardigde van die P.O.K.

„Blank teenoor nie-blank in die huidige kultuursituasie", deur die buitenmuurse afdeling van U.P.

Die P.U. vir C.H.O. sal, net soos verlede jaar, die slotreferaat lewer: „Die taak van die A.S.B. in die huidige kultuursituasie".

## Minister open Kongres

Die Minister van Justisie, adv. B. J. Vorster sal die jaarkongres van die A.S.B. op 2 Julie op Stellenbosch amptelik open.

Die sentrale tema van vanjaar se kongres is: Die Kultuursituasie van ons tyd. Prof. P. J. Coertze van Pretoria sal hierdie tema toelig. Daarna sal studente van verskillende inrigtings sell referate rondom die sentrale tema lewer.

Referate sal gelewer word oor die blanke-blanke verhouding en die kultuursituasie, die blanke - nie - blanke verhouding, die Afrikaner en die jeug in die kultuursituasie en die taak van die A.S.B. in die kultuursituasie.

## Nog 'n Kombi!

Na aanleiding van ons Kombi wat omgeslaan het, hoef ons nie te sleg te voel nie want 'n ander universiteit ry in dieselfde bootjie.

Die aand van die 23e April het studente van die Universiteit Oranje Vrystaat ligte beserings opgedoen toe die universiteitskombi waarmee hulle gery het op 'n skerp draai gegly het, die pad byster geraak het en teen 'n taamlike hoë wal afgestort het. Die twee studente wat die enigste insittendes was, is na behandeling in die Senekal se hospitaal ontslaan. Die Kombi is erg beskadig.



*Foto: Fotokuns.*

Op 31 Mei 1962 was die Republiek een jaar oud. DIE WAPAD roep die heuglike totstandkoming daarvan in herinnering met hierdie foto waar die Staatspresident, mnr. C. R. Swart, die studente en publiek van Potchefstroom toespreek in Junie verlede jaar.

# Dame spreek Afrika-Seminaar toe

**Geskiedenis is gemaak op Woensdagaand 16 Mei toe die eerste dame sover bekend die plaaslike Afrika-seminaar toegespreek het, naamlik mej. Lucille Twyman.**

„Die Stryd in Algerië" — 'n historiese oorsig — is op heel besondere wyse deur mej. Twyman ingelei met 'n deeglike omvattende voorafverspreide werkstuk.

Besondere aandag is gewy aan sketsing van die agtergrond, die betrokke aard van geografiese faktore en ander aangeleenthede.

Veral is die merkwaardige ooreenkomste tussen die heel Noordelike Algerië en die heel suidelike Republiek van Suid-Afrika aangetoon, terwyl bedenkinge geopper is ten opsigte van generaal De Gaulle se „met-sy-hande-in-onskuld-gewaste" houding en sy voorgenome uittrede uit Algerië om dit as onafhanklike „kookpot" te los.

Interessant-leersame menings is gelug en lewendige bespreking is gevoer, veral deur mnr. J. P. Duvenage wat reeds deur Algerië getoer het.

Die hoop word uitgespreek dat studente hierdie programaande meer sal bywoon aangesien dit in die huidige tydsomstandighede essensieel is om van aktuele sake in Afrika kennis te dra.

**ONS ONDERSTEUN U!**
Ons werk as amptelike fotograaf van DIE WAPAD verrig ons gratis!
**ONDERSTEUN U ONS?!**
Ons gee kwaliteit!
Ons gee diens!
Ons gee gratis vriendelike bediening!
**FOTOKUNS**
**Tomstraat 82 – Telefoon 3185**
**sentrum vir fotografie, grammofoonplate, kunsvlyt**

**Wes-Transvaalse**

**SPORT-WINKEL**

Kerkstraat 85

enigste
verskaffer
van

Offisiële
Kleure

**SUPERETTE**

**Tomstraat 100**
**Potchefstroom**

Gerieflike en moderne selfbediening waar u 'n groot verskeidenheid kan kry van

KRUIDENIERSWARE,
KOMBUISBENODIGDHEDE
en
GROENTE teen laer pryse.

**Fleurette Bloemiste**

Sleep in by:
*Fleurette vir julle blomme*
*Spesiale afslag.*

Kerkstraat 143 — Telefoon 709

**AJAX**
**Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.**
Telefoon 3458
Posbus 43
Kerkstraat 159, Potchefstroom

**Lucille**

die deftigste
DAMESWINKEL
in die dorp.

**Onthou 3091**

Skakel hierdie nommer vir

**diens!**

**DIE BULT APTEEK**

**Tomstraat 86**

Ons spesialiseer in:

★ INNOXA-, LENTHERIC-, COTY-Skoonheidspreparate.

★ Egte Franse DANA PARFUUM, en

★ Aptekersbenodigdhede

Ondersteun Oud-Pukke

*„Die Wapad" word gedruk deur Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom vir die uitgewers, die S.R. van die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.*

die Wapad

# Vorentoe sonder Aarseling

Mnr. Daan van der Merwe, president van die Afrikaanse Studentebond, het belangrike waarhede, wat geneig is om vergete te raak, weer sterk onder die aandag van die Afrikanerstudent gebring in sy rede voor die A.S.B. verlede week.

Dat die Afrikaanse student meer belang moet stel in die buiteland en op hoogte moet wees van denkrigtings en gebeure in die wêreld is waar en reg. Dit laat egter tog weer die soeklig speel oor ons binnelandse toestande en die student se rol daarin.

Nou is dit duidelik dat die Afrikaner se stryd om sy regte te bekom en te behou 'n ander kleur aangeneem het as veertien jaar gelede toe die A.S.B. gestig is. Die Afrikaner het sedertdien die toon begin aangee in die regering van die land en in die formulering van die beleidsrigtings wat gevolg moet word. Ook die Afrikanerstudent se weg is duidelik omlyn.

Die stryd is egter nou nie meer boontoe nie, maar vorentoe. Dit waarvoor die Afrikaner gestry het, het hy bekom. Nou moet hy in die nuwe bedeling vorentoe met al die mag tot sy beskikking. Nou moet hy die Christelik-Nasionale karakter, wat sy eie is, uitlewe in die bedeling van volksvryheid wat hy betree.

Die vraag na die verhouding met die andersdenkende blanke groep in ons land, en veral die studente van daardie groep, kom dan ook weer sterk na vore.

In die verlede het die Afrikaanse student by vervelende herhaling sy hand van vriendskap na sy Engelse buurman uitgesteek by monde van die A.S.B. en sy studenterade, maar telkens was die reaksie negatief. Samesprekings het aanhoudend op 'n dooie punt uitgeloop omdat die twee taalgroepe bymekaar „verby redeneer". Elkeen het sy eie standpunt ingeneem en nie een was bereid om 'n duim daarvandaan te wyk nie.

Voortdurend is gesoek na openinge waar toegegee kon word, maar om dit te vind, was 'n onbegonne taak.

Die Afrikaner het nou 'n vaste weg ingeslaan. Hy het sy ideaal verkry en is hard besig om die jong Republiek se bene sterk te maak op alle lewensterreine. Ook die Afrikanerstudent dra hierin sy aandeel by. Hierdie nuwe lewe van die Afrikaner is veral gegrondves op twee beginsels wat vasstaan en duidelik omlyn is. In die eerste plek die Christelike beginsel — vaste vertroue in die God van ons vaders wat die lotgevalle van volke, maar ook elke individu in Sy raad beplan het en dit op Sy tyd uitvoer. In die tweede plek die Nasionale beginsel — die vryheidsin van die Afrikaner wat hom deur ontberinge heen laat trek het, steeds vorentoe onder Britse oorheersing uit, wat hom oorloë laat voer het waarin die manne, vroue en kinders van sy volk hulle bloed geoffer het vir die vryheid van hulle volk, wat vir meer as vyftig jaar 'n ideaal in sy hart laat leef het waarvoor hy gedurig gestry het.

Hierdie ideaal is nou verwesenlik en die Afrikaner gaan dit nie ongedaan maak deur die twee grondpilare waarop dit rus te vernietig nie.

Die hand van vriendskap aan die ander volksgroep is genoeg afgeslaan. Die Afrikanerstudent het sy plig in hierdie opsig volvoer. Dit het nou die taak van die Engelse student geword om toenadering te soek, en ek glo dat daar baie is wat dit graag wil doen.

Om hulle, en diegene wat later na hierdie standpunt sal draai, die geleentheid te gee om by die nuwe bedeling in te skakel, kan die Afrikaner egter nie bly stilstaan nie. Laat daar sonder aarseling vorentoe gebeur word. Ons saak is reg en ons koers is vas. Namate die Engelssprekende sy taak besef en sy bande met iets wat nie meer bestaan nie, losmaak, sal hy self by die Afrikaner inskakel. Baie het dit reeds gedoen en baie meer sal dit nog doen in die toekoms.

Nie deur kunsmatige pogings om een te word nie, maar deur beslissende optrede wat respek afdwing en deur resultate die regte optrede blyk te wees, sal 'n verenigde Suid-Afrikaanse nasie tot stand kom. Dit rus grotendeels op die skouers van die student, wat die leier van môre is.

Daarom, Afrikanerstudente, *vorentoe*... sonder aarseling!



**Dit is die snit wat tel...**
★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies

**J. TOD SUTTIE**
**Die Mansuitrusters**
Posbus 219 — Foon 1
Potchefstroom

## In U Lig

Psalm 144 : 12.

*Merk op:* Elke jong boompie wat hier op die Pukgronde geplant word, het 'n draadheining om. Die bome is al redelik groot voordat dit verwyder word. Die tuinier sorg dat die bome gereeld natgemaak en versorg word. Die jong boom moet beskerm word teen wind en stampe, moet mooi en regop groei met so min as moontlik kneusplekke. As die boom groot is, word die heining verwyder, word die sorg verminder. Dit is nou in staat om nóg deur wind nóg deur stampe gebuig of dodelik gekneus te word. Die boom kan nou op eie krag staatmaak.

*Dink daaraan:* Elke boumeester gaan langsaam te werk om seker te maak dat elke steen mooi pas sodat dit aan sy doel kan beantwoord, die aanslae van wind en weer kan deurstaan; dit is goed en mooi. Met die grootste sorg en nougesetheid word elke beitelhou in die ruwe rots geslaan sodat die hoekpilaar stewig en sierlik kan wees.

Hierdie werk van die boumeester is nie tevergeefs nie. Sy produk dra innerlike stewigheid en uiterlike sierlikheid.

Hierdie twee beelde uit die natuurlike lewe word deur Dawid gebruik as hy uitdrukking gee aan sy bede: „sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis" (Ps. 144 : 12).

Met bejammering praat hulle daarvan: Hier op universiteit lewe die studente in so 'n beskermende atmosfeer. Wat sal van hulle word as hulle in die volle lewenspraktyk staan? Hulle word selfs verplig om binne 'n sekere gedragskode te lewe.

Ons studente kan self ook nie die doel van dit alles altyd sien nie. Hoe sal ons nou eendag in die buitewêreld kan optree as ons net gewoond is aan die beskerming wat ons hier gebied word?

Die opstandige, sogenaamde vrye *ek* worstel met al die baie „moete", die reëls wat van buite af op my gelê word. *Ek* wil doen wat *ek* wil. *Ek* wil soveel eer as moontlik bekom; *ek* wil myself uitleef en geniet en daarom sal *ek* doen wat *ek* wil; *ek* beperk my net tot die allernoodsaaklikste.

Dis asof ons saam met hulle wat ons bejammer wil sê: Weg met hierdie bande, met hierdie reëls en verpligtinge, met hierdie omheinings en beitelhoue. Ons wil lewe soos ons wil.

*Weet dit:* Hierdie omheining, hierdie beitelhoue sal en mag nooit verwyder word nie. Die tuinier en die boumeester alleen weet wanneer hulle sorg en werk nie meer nodig is nie.

So weet ook ons ouers, ons owerhede, hulle wat met gesag oor ons beklee is wanneer om hierdie omheining te verwyder, hierdie beitelhoue te staak. Hulle staan reeds in die lewenspraktyk en spreek van ondervinding. Hulle mag en gesag ontvang hulle nie van ons jeug, ons studente nie maar van God wat hulle in daardie posisie gestel het. Hulle kennis put hulle uit Gods Woord.

*Erken dit:* Ek is jeugdig, ek staan nog nie in die volle lewenspraktyk nie. Juis daarom is ek hier vir verdere opvoeding en opleiding. Ek verkeer in 'n bevoorregte posisie om aan hierdie universiteit en onder so 'n beskermende invloed te kan lewe terwyl ek studeer.

Moenie my bejammer nie! In die bejammering skuil bedekte jaloesie. Die praktyk bevestig: Wanneer hulle hier uitgaan is hulle *jongmanne* goed opgekweek, met strengheid getugtig sodat die slegte en verkeerde in hart en lewe weggehou en verwyder is; hulle *jongevroue* is uitgebeitel na die boustyl van 'n paleis, innerlike, rustige, onwankelbare en stille krag, sterk en waardig sodat 'n volk daarop gebou kan word.

Verstaan u nou?

Kyk na die omheinde boom!

Dink aan die uitgebeitelde hoekpilaar!

Alles jou ten goede.

Onkruid groei vanself maar vrugdraende plante word getrou en met wysheid opgekweek! Verswakte hoekpilare laat die gebou ineenstort maar stewige pilare laat dit onwankelbaar vasstaan!

J. J. de W. Krüger.

# Euwel of Seën?

Die aankondiging dat 'n mediese fakulteit van die P.U. vir C.H.O. te Klerksdorp in die lewe geroep sal word, getuig van fenomenale uitbreiding aan ons Universiteit.

Ook die studentelewe sal in hierdie opsig nou geraak word.

Die klagte van „oor-georganiseerd" weerklink reeds lank in die studentelewe van meer as een universiteit. Ook aan die Puk het hierdie probleem sy kop uitgesteek deur voortdurende uitbreiding wat voortdurende organisasie in die hand werk. Spesialisering roep reeds lankal om uitvoering sodat desentralisasie in ons studentelewe kan plaasvind.

Desentralisasie beteken egter nie dat die eenheid van ons studentelewe — iets wat deur ons klein getalle nog altyd beskerm is — aangetas mag word nie.

Die stigting van 'n nuwe fakulteit beteken vooruitgang. Dit beteken egter ook dat ons studentelewe beïnvloed sal word deur die groter getal studente en deur die feit dat 'n aantal studente hulle akademiese opleiding dertig myl van die hart van ons studentelewe af ontvang.


Dit kan in 'n groot euwel ontwikkel as die studentelewe op hierdie wyse geskei moet word. Of die mediese studente sal geen aandeel in ons studenteorganisasie hê nie, of hulle sal 'n afgeskeie groep vorm.

Hierdie euwel kan egter vir baie 'n seën inhou as die talle buitemuurse studente van Klerksdorp, wat op die oomblik geen aandeel in ons studentelewe het nie, saam met hierdie mense dieselfde voorregte as binnemuurse studente kan ontvang.

Gaan die vyfde hoofliggaam van ons Studenteraad hieruit gebore word, of is dit nog meer „oor-organisasie"?

# P.U. LEKTORE OP BESTUUR VAN AKADEMIE

**Tydens die jaarvergadering van die afdeling Wis- en Natuurkunde van die S.A. Akademie wat op Woensdag 23 Mei in die Fisikalaboratorium van die Universiteit plaasgevind het, is twee P.U. lektore op die bestuur verkies, te wete prof. dr. H. J. Schutte en dr. M. A. du T. Meyer. As verdere lid is verkies die Direkteur van die Nasionale Fisiese Laboratorium van die W.N.N.R., dr. A. Strasheim. Prof. dr. P. H. Stoker is 'n aftredende bestuurslid.**




Dr. M. A. du T. Meyer

*Foto: Potch. Herald*

Nadat die Rektor, prof. J. Chr. Coetzee, namens die Universiteit die aanwesiges welkom geheet het, het dr. E. J. Marais in sy voorsittersrede 'n beroep gedoen dat alle vooraanstaande Suid-Afrikaanse wetenskaplikes tydens 'n nasionale simposium die hele aangeleentheid van 'n Suid - Afrikaanse natuurwetenskaplike tydskrif wat internasionale erkenning geniet in oënskou moet neem. Daarby moet ook ondersoek word in hoeverre die Suid - Afrikaanse natuurwetenskaplikes hulle aanpas by die behoeftes van die land.

Spreker het verder voorgestel dat kronieke opgestel moet word van alle publikasies van veral Suid-Afrikaanse fisici wat verskyn het voor Republiekwording en dat dit daarna van tyd tot tyd aangevul moet word.

Verskeie referate is gedurende die loop van die dag gelewer deur fisici en wiskundiges van universiteite en deur personeel van die W.N.N.R. en Sasol. Dr. M. A. du T. Meyer en dr. B. C. Strydom van die P.U. vir C.H.O. het voordragte gelewer.



Prof. P. H. Stoker

*Foto: Potch. Herald*

# *Protes teen Sabotasie-wetsontwerp*

**Studente aan verskeie universiteite het hul stem laat hoor oor die Sabotasiewetsontwerp.**

**Die Studenteraad van U.K. het 'n besluit geneem waarin hulle die Algemene Regswysigingswetsontwerp afkeur. Die doel van hierdie besluit is: „om as studente teen hierdie voorgestelde wetgewing te protesteer — die mag verleen deur hierdie wetsontwerp is so verstrekkend dat dit met normale studente-aktiviteite sal inmeng", aldus die voorsitter van genoemde Studenteraad.**

Die besluit word gesirkuleer as petisie om geteken te word deur al die studente van universiteite verbonde aan NUSAS. Hierdie petisie sal dan aan die Minister van Justisie oorhandig word.

Die petisie lui:

„Ons, studente en personeel van .......... wens om ons ondubbelsinnige verset teen die Algemene Regswysigingswetsontwerp (Sabotasiewetsontwerp) bekend te maak wat o.a.

(a) die inherente vryheid van ‚student expression and legitimate student activities' wat ten doel het om die vestiging van 'n demokratiese stelsel van opvoeding in 'n demokratiese samelewing te bevorder, verder sal kortwiek,

(b) strydig is met die Verklaring van Menslike Regte van die V.V.,

(c) die basiese beginsel van die Reël van die Wet ondermyn,

(d) poog om die demokratiese reg van opposisie teen 'n regering te vernietig,

(e) 'n verdere bewys is dat Suid-Afrika beweeg in die rigting van 'n Polisiestaat.

Dus versoek ons beleef, in die belang van menslike vryheid en van ons land, die herroeping van hierdie Wetsontwerp in sy geheel." (Varsity 23 Mei).

Die petisie is ook aan 'n massavergadering van die betrokke universiteit voorgelê.

Hierna het ook ‚Nux', die koerantjie van die Studenteraad van die Natalse Universiteit, sy stem laat hoor (24 Mei). In sy aanval op die Sabotasiewetsontwerp haal hy o.a. aan uit die „Daily Dispatch" wat sê dat die Sabotasiewet iets is soos die wette wat in Nazi-land van krag was. Die verdere aanhalings dui daarop dat die invloed van die Liberale Party hier baie sterk is.

Ook Wits het sy deel bygedra tot die protesveldtog teen die wetsontwerp.

## A.S.B. Kunsfees

Die lede van die A.S.B. wat vanjaar die Kunsfees op Stellenbosch gaan bywoon, reis met 'n spesiale trein.

Nagenoeg driehonderd studente sal met hierdie trein na Stellenbosch gaan. Die trein vertrek vanaf Pretoria en gaan oor Potchefstroom en Kimberley.

Altesaam 50 Pukke gaan die reis meemaak.

## FORT HARE

Die Universiteitskollege van Fort Hare het vanjaar begin met die aanbieding van etlike nuwe kursusse. Daar word vanjaar graadkursusse aangebied in Farmasie, Sosiologie en Bedryfsekonomie.

Die graadkursus in Farmasie duur altesaam vyf jaar — twee jaar prakties en drie jaar voltyds aan die inrigting.

## Aptekerstudente na Durban

Die negende Algemene Jaarvergadering van die Algemene Raad van die Suid-Afrikaanse Aptekerstudente Federasie vind vanjaar in Durban plaas van 2 tot 7 Julie.

Die President van die S.A.A.S.F., mnr. J. Offermeijer, en die penningmeester, mnr. D. MacDonald, is studente aan die P.U. vir C.H.O.

Die volgende persone sal die Puk se aptekers daar verteenwoordig: mnrr. M. Moolman (leier), J. Meintjies, J. L. Swartz, Len Ortlepp en mej. R. Meyer.

Die algemene jaarvergadering sal ook bygewoon word deur afgevaardigdes van die ander vyf inrigtings waar opleiding in Aptekerswese aangebied word, te wete Kaapstad, Johannesburg en Grahamstad.

Die doel van die algemene jaarvergadering is om belangrike mosies betreffende die opleiding van Aptekerstudente in die Republiek; die verhouding tussen geneeshere en aptekers, en so voorts, te bespreek. Dit word beskou as die hoogtepunt in die jaar se bedrywighede.

## Universiteitkollege vir Indiërs brei uit

Die Universiteitskollege vir Indiërs op Salisbury-eiland, Durban, wat in 1961 in die lewe geroep is met 110 studente, tel vanjaar 440 ingeskrewe studente.

Met hierdie getal is dit die grootste nie-blanke kollege in die land. Die kollege is tydelik gehuisves in geboue wat oorspronklik deur die vloot op Salisbury-eiland gebruik is. Die „eiland" is egter vandag nie meer 'n eiland nie, aangesien dit met die Suidkuspad bereik kan word of ook met 'n pont vanaf die Esplanade in Durban.

'n Grondgebied van 300 akker is reeds toegestaan vir die aanbou van permanente koshuise vir Indiërs.

Studiekursusse oor 'n wye gebied word aangebied. Die Indiërstudente toon veral belangstelling in die B.Sc.-rigting. Hulle lê die eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika af en blykens die uitslae van verlede jaar word 'n hoë standaard gehandhaaf.

Daar is tans sowat 40 persone op die doserende personeel waarvan ses Indiërs is. Die inrigting beskik ook oor 'n goeie biblioteek.

# Navorsingstoer deur Vendaland

**Gedurende die afgelope lang naweek het die Bantoedepartement 'n navorsingstoer deur Vendaland in Noord-Transvaal onderneem.**

Vanuit die kamp wat te Siloam opgeslaan was, is besoek gebring aan verskillende besienswaardige plekke soos die stat van kaptein Mpephu en die *khoro*, waar hulle hofsake beslis word en die stam byeenkom vir gemeenskaplike doeleindes.

SOMBA-DANS

In 'n nabygeleë statjie is die indrukwekkende *somba*-dans of luislangdans van die Bavendadogters bygewoon. Hierdie dans word gedurende die inisiasietydperk deur die inisiante ter ere van die luislang wat die vrugbaarheid van Vendaland besit, gedans.

Die natuurskone Pipich-waterval, waar die *Ghuvukudu*-rivier oor 'n rots stort in 'n pragtige waterpoel etlike voete benede, was asemberowend om te aanskou. So ook die merkwaardige Funduzi-meer waar onder andere die „heilige" krokodil gesien is wat deur die Vendavolk vereer word.

RUÏNES

Treffend was die *Dzata*-ruïnes, Njeleledam en 'n klipskeur waaruit warm lug blaas, sowel as voetspore van verskillende soorte diere op 'n rots afgedruk. Vendaland is ongetwyfeld ryk aan natuurtonele en besienswaardighede wat ongeskonde bewaar gebly het.

Tydens die toer was dit baie opmerklik dat feitlik elke Vendaman die Zulutaal sodanig kan besig dat hy homself duidelik kan uitdruk. Hieruit blyk dat die Venda baie makliker die Nguni-tale soos Zulu en Xhosa aanleer as die Sotho-taal wat nader verwant is.

'n Persoon wat dus Zulu magtig is, sal geen moeilikheid ondervind om sy weg deur Vendaland te baan nie.

Gedurende die eersvolgende Julievakansie sal 'n soortgelyke navorsingstoer deur dié departement na Noord-Zululand onderneem word.

# MEDIESE FAKULTEIT IN VOORUITSIG

*Die uitbreiding aan die P.U. vir C.H.O. neem in groot afmetings toe met die aanbou van nuwe laboratoria, lesingsale en koshuise. 'n Uitbreiding wat egter baie groter van omvang is, is die nuwe mediese fakulteit wat in vooruitsig gestel word.*

Vir hierdie doel het die stadsraad van Klerksdorp alreeds honderd morg grond aan die Universiteit geskenk. Die hospitaalfasiliteite te Klerksdorp is vir so 'n stap toereikend en die feit dat die mediese fakulteit ongeveer dertig myl van die Universiteit af geleë sal wees, is geen vreemde saak nie, aangesien die posisie by Stellenbosch min of meer dieselfde is.

Die tot standkoming van 'n mediese fakulteit aan nog 'n Afrikaanse universiteit, is 'n groot bate vir Suid-Afrika. Daar bestaan vandag 'n geweldige tekort aan medici in ons land.

Die hoop word uitgespreek dat die P.U. vir C.H.O. groot steun vir hierdie onderneming sal vind en dat die opleiding van sy medici ook gekenmerk sal word deur die besondere karakter en grondslag van hierdie Universiteit.

## *Heimat wen Vasvrareeks*

Heimat het op 24 Mei 1962 geskiedenis gemaak toe die vasvraspan van hierdie oudste manskoshuis op ons kampus daarin geslaag het om die eindronde van die interkoshuisvasvrywedstryde in te palm.

Met 'n uitstekende eindpoging het die „ou manne" daarin geslaag om Dawie Dup en Thaba Jäh die loef af te steek.

Die puntestand was soos volg: Heimat 17, Dawie Dup 13½ en Piet Groblerhuis 13.

Die wisseltrofee wat in die geval 'n afwyking van die tradisionele bekers is, naamlik 'n kandelaar met vier kerse, is deur mev. Joan Ingram-Barrish geskenk en aan mnr. Jozua Welding, aanvoerder van Heimat se span oorhandig.

Hierdie reeks was 'n groot sukses, en die Debatsbestuur verdien alle lof vir die organisasie hiervan.

# NATAL ONTEVREDE OOR SKEIDING OP SPORTGEBIED

*Die Studenteraad van die Universiteit van Natal in Durban het bedank, en die tradisionele jool-afloss vanaf Pietermaritzburg na Durban is afgestel weens onenigheid tussen die studente oor die regering se beleid van skeiding op sportgebied.*

Die studente kon nie besluit of nie-blankes moet deelneem nie. Indien dit wel gebeur het, sou alle atlete wat aan die Universiteit geregistreer is, gevaar geloop het om geskors te word deur die Natalse Amateur Atletiekvereniging. 'n Massavergadering is belê, en die Studenteraad het voorgestel dat alle geregistreerde atlete hulle aan die wedren moet onttrek sodat nie-blankes sonder vrees kan deelneem. Die voorstel is doodgeskreeu deur die studente.

Die Studenteraad het daarna gesamentlik bedank omdat hulle dit as 'n mosie van wantroue vertolk het. Later in die dag is 'n vergadering gehou en daar is besluit om die wedren af te stel.

(„Irwa", 11 Mei 1962).

VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE
**Transvalia Meubels**
FOON 2157 — KERKSTRAAT 180
POTCHEFSTROOM
*Besoek ons vir Vriendelike Diens en Meubels van Gehalte*
Ons meubels word erfstukke.

# MNR. POTGIETER GEANTWOORD

**Geagte Redakteur,**

**Hierdie skrywe is insake die brief van mnr. Potgieter (in „Die Wapad" van 23-5-'62) waarin hy sy „teleurstelling", „kommer" en „misnoeë" uitspreek teenoor die „liberalistiese en humanistiese gees" wat die P.U.-student teister — „linkse mense" met 'n „linkse houding" — asook die voortborduring op hierdie tema in die hoofartikel van die betrokke Wapad: „. . . diegene wat nie ons leuse (en daarmee ons beginsel) goedgesind is nie", en verder: „Dit is goed as Universiteitstudente hulle van tyd tot tyd besin oor die begrip lojaliteit aan my Alma Mater".**

Dit is moontlik wel waar dat daar sekere ongerymdhede en afdwalinge van ons besondere tydsgees ook aan die P.U. geopenbaar word (soos bv. disrespek teenoor aandgodsdiens, die onlojale houding van oudames en ouhere teenoor sekere universiteitsaktiwiteite — soos bv. Pukkie-verkope — ens.), dog dit hou nie noodwendig soveel in dat daar uitgekryt kan word as liberaliste, humaniste en linkse elemente nie. Verder is dit wel moontlik dat mnr. Potgieter sy sterke bewerings met meer passende voorbeelde kan staaf, dog met sy betrokke redelik-vae voorbeelde beweeg hy op 'n baie gevaarlike terrein.

Linkse liberaal-humaniste organiseer by verkiesings om tokkelokke uit besture en rade te hou — dit is darem 'n baie moeilike bewering. Wat van mense met (geregverdigde?) persoonlike aksies? Wat daarvan as nie-tokkelokke dink dat daar, hoe demokraties ons verkiesingstelsel nou ookal werk, te veel tokkelokke op die S.R. (tien uit veertien — en niemand van B. Sc. nie) en ander besture en rade is (en die rede daarvoor ken)? Reken sekeres nie miskien dat die tokkelok-geyktes wel deur ander net sulke bekwames, wat miskien net nie in die kalklig is nie, vervang kan word nie? Is dit nie miskien omdat sekeres reken dat dit darem taai is om vir tokkelokke te stem as van hulle Sondagaande na kerk op die spykerbaltafel by die Reba speel, eienaardig t.o.v. Pastoor Gerber se herlewingsdienste opgetree het, koshuisreglementreëls oortree deur op 'n Sondag sonder 'n pak klere aan die etenstafel en op straat te verskyn (en nie die rede daarvoor weet nie), tokkelok S.R.-lede en hulle vriende die hulle gate uit geniet met die Combi, dinees (met of sonder drank) ens. — hierdie opvattinge bestaan wel (hoewel nie noodwendig by myself nie) en kan alleen deur die tokkelokke self in die reine gebring word — en die tokkelokke so deur 'n paar van hulle slegte reputasie verwerf het nie? Sou mnr. Potgieter dan nog sê dis links, liberalisties of humanisties indien iemand teen van hulle organiseer? Is dit nie juis teen linkshede ens. nie? Toegegee mag daar wel gevalle van linkse organiseringe bestaan, maar moet nie sommer voor die voet uitkryt nie.

Dieselfde geld vir sy tweede voorbeeld: „In koshuise verslap die beheer van ouhere en oudames oor die eerstejaars a.g.v. 'n liberalistiese en humanistiese lewens- en wêreldbeskouing" en dan vergeet die skrywer dat dié beheersverslapping in 'n groot mate van owerheidsweë af kom — die ou linkse liberaliste en humaniste agter die skerms darem! U weet, soms is dit nie liberaal en humanisties nie, dog slegs Christelik-menslik, redelik en regverdig. Oppas vir 'n eensydige veroordeling van alles anders as u as links en liberaal — daar mag moontlik mense deur hierdie twee voorbeelde gedek word wat moontlik meer regs as u is.

'n Uiters vae bewering is: „Op vergaderings word gepoog om die gereformeerde beginsel na onder te dwing." Die skrywer praat telkens van die gereformeerde karakter, -gees, en -beginsel, dog nooit van die spesifiek-Christelike nie. U moet onthou dat hoewel die C.H.O. in die praktyk tot 'n groot mate moontlik G. („gereformeerde") H.O. behels, dit nog formeel Christelike Hoër Onderwys is.

Kan u dan nog in die lig van bg. sê dat die deur-u-voorbeelde-gedekte persone „doelbewus (ge)poog om die karakter van ons inrigting in sy wese aan te tas" en dat hulle „linkse mense" is? Ek sou eerder met u saamstem dat „die draer van die gereformeerde beginsel . . . in die meeste gevalle (so) lou staan in die uitlewing daarvan." Daar bestaan inderdaad wel linkse gesindhede, liberaal-humanisme vier hoogty in ons tydsgees, dog meeste aan die P.U. moet liewer as „lou" bestempel word, wat nie sodanige doelbewuste pogings teen die P.U. het nie — behalwe as u „lou" en „liberaal" ens. in dieselfde kategorie val.

Verder beweer mnr. Potgieter ook dat elke student 'n vrye keuse van uitversiteit het, dat dit „linkse mense" vry staan om ons te verlaat en dat hulle vooraf geweet het waarin hulle hulle begewe; in die hoofartikel word dit gestel dat die gees en rigting van 'n universiteit die mees gewigtige rede by die keuse van universiteit behoort te wees, asook: „Elke student weet dus presies wat hom te wagte is as hy sy skrede hierheen wend. En elke student is moreel verplig om lojaal te bly teenoor hierdie gees en rigting wat sy eie keuse was." Nouja, saam met die hoofartikel moet gestem word dat dit so behoort te wees, maar dit is nie altyd inderdaad so nie. Wat van die aptekers, tokkelokke, taal-, ekonomiese (bv. P.U. is die goedkoopste universiteit, sekere mense bly naby of ver, ens.) oorwegings, ens.? Dit staan almal ook nie sommer vry om die P.U. in die lig van bg. oorwegings te verlaat nie. Verder weet elke student beslis nie wat hom te wagte is as hy sy skrede hierheen wend nie — daarvan kan menige seniorstudente getuig.

En dan die fatale — mnr. Potgieter raai die „linkse mense" wat nogtans aan die P.U. moet bly, aan om hulle dan maar by die „staande toestande" te berus. Maar skryf hy nie juis teen hierdie „staande toestande" nie?

Ek weet dus nie of ek heeltemal met mnr. Potgieter kan saamstem dat „die gees onder ons studente wegbeweeg van hierdie gees en tradisie wat vir ons byna heilig is" nie. Is dit nie eerder so dat daar maar altyd ontwikkeling in 'n steeds veranderende wêreld, waartoe ons maar altyd moet besin en heroriënteer, is nie? Dat hier linkse elemente is, is moontlik, dog dit verleen nog nie die reg tot 'n algemene uitkryting in die lig van sulke gevaarlikvae voorbeelde nie. Onthou net weer, sommige deur u voorbeelde gedek mag meer regs as u wees.

F. A. de Villiers.

Dawie du Plessishuis 27,
P.U. vir C.H.O.
29 Mei 1962.

## Gevaarlik ?

Geagte Redakteur,

Opvallend in „Die Wapad" van 23-5-'62 is o.a. drie gevaarlike impliseringe, naamlik:

1. Die vertolking van mnr. Raubenheimer in sy brief van die skewe voorstelling van die betrokke „Wapad"-berig as 'n refleksie op die naam van die skrywer, mnr. Nesco de Toit, wat myns insiens beslis ongeoorloof is;

2. In sy antwoord op hierdie (geregverdigde) brief van mnr. Raubenheimer sê die Hoofredakteur o.a. dat „Die Wapad" die hoogste waardering en bewondering vir Alabama het en juis probeer het om Alabama se werk bekend te stel, dog: „Dit is jammer dat die gevoel nie wedersyds is nie". D.w.s. as A en B vriende is, A iets van B sê en B hom daaroor betig, dan sê A vir B: Jammer dat jy nie my vriend is nie. Hierdie uiters ongeoorloofde implikasie verdien beslis 'n regstelling;

3. In die berig: „Belowende Gholfspeler" op bladsy 5: „Dit is egter jammer dat nuwe sportklubs soos hierdie (gholfklub) soveel spelers van reeds bestaande klubs trek. Georganiseerde klubs onder patronaat van die Studenteraad het tog die eerste reg . . ." Kan egter gesê word dat sulke patronaatsklubs eerste reg op studente het, en dat nuwe klubs nie so 'n reg het nie? Trek elke klub nie juis soveel lede as waartoe hy in staat is nie? Dit hang immers van die studente af by watter klubs hulle wil aansluit. Nuwe klubs wat meer daartoe in staat is om lede te trek kan mos nie blameer word as hulle baie lede trek nie. Moet die fout nie eerder by die gevestigde patronaatsklubs gesoek word nie? Of moet 'n studenteklub eers onder patronaat van die Studenteraad kom om die reg te verkry om studentelede te trek?

Dankie,
F. A. de Villiers.

Dawie du Plessishuis 27,
P.U. vir C.H.O.
29 Mei 1962.

## SPYKERBANKIES

Geagte Redaksie,

As een van die sowat 300 paartjies wat elke aand aan die Puk se „spykerbank-rush" moet deelneem, voel ons darem nou al skietkwaad! Terwyl ons terreinpersoneel elke aand in gemakstoele voor hul kaggels sit, staan, of lê honderde verkluimde Pukke soos pampoene in 'n mielieland in die nat gras rond om aan Kupido sy offers te bring.

Kernversnellers, swierige geboue en koshuise word met trots aan besoekers vertoon — van lopende neuse, hoendervleis-sitvlakke en met gras besmeerde klere van die studente word geen woord gerep nie.

Professore spog dat hulle lesingsale sitplek aan honderde studente bied — ons terreinpersoneel spog weer dat die Puk se tien spykerbankies elke aand sowat 600 studente van beide geslagte kan dra.

Slaag ons daarin om eenmaal 'n maand betyds by 'n spykerbankie te kom, is dit nog boonop 'n sementbankie wat die dikste „pêrevel" nie kan warm broei nie!

Waarheen nou? Biblioteek toe! Nee, daar mag jy nie gesels nie. Die Totius-saal se deure is gesluit en die kafee is toe!

Uit pure moedeloosheid en tandklappend van die koue stoot ons dan maar kruiwa tot by die koshuis en nog 'n romantiese aandjie is, danksy die versiendheid van ons terreinpersoneel, na sy peetjie.

Snuifend die uwe,
Piet en Adlar.

## VREUGDEDAG -- JOOL?

Geagte Redakteur,

I.v.m. die pas afgelope baie suksesvolle Vreugdedag net 'n paar opvallendhede.

'n Oulike Pukkie as Vreugdeblad/Rag Magazine. Dit is wel waar dat daar nie 'n treffende vertaling van Vreugdedag in ons ander amptelike landstaal bestaan nie, dat 'n groot deel van die Pukkie Engels was (en dus heeltemal geredelik as Rag Magazine kon deurgaan), dog die feit bly staan dat Rag Jool beteken. Behels dit dan nie 'n beginselversaking indien ons reken dat Vreugdedag iets anders is as Jool nie?

Ons kry dit dat die liefdadigheidsondersteunende buitestaanders verslae staan by die aanhoor van die naam Vreugdedag — Jool, ja wel — en dat dan maar deur al die Pukkie-verkopers die Pukkie as die „Joolblad" van die Potchefstroomse Universiteit aangebied word. Hulle weet immers nie wat Vreugdedag is nie, terwyl die begrip „Jool" duidelik aan hulle bekend is.

Ons kry ook dat die entoesiasme van die dames van Piet Grobler, 'n groot advertensie op hulle voordak beloop het — Jool. Die mense in die dorp vra: „Wanneer hou die Universiteit sy Jool?" By die insameling van fondse deur die uitreiking van dagvaardigings word verwys na „Saterdag se Jool". Selfs „Die Wapad" (23 Mei 1962) praat van Joolblaaie.

Dit bring ons by die vraag: Waarom „Vreugdedag"? Waarom nie Jool nie? Albei hou immers dieselfde nastrewing in nl. fondsinsameling vir liefdadigheidsdoeleindes. Daar hoef nie noodwendig 'n Joolkoningin en tamboernooiens te wees nie. Jool hou tog dieselfde vreugde, opgewondenheid, grootste reklame, sierwaens, gekostumeerde eskapades, joolbladverkope, klaterende kollektebussies, feesvierende gees, liefdadigheidsvreugde daarna, ens. in. Waarom dan weer die ou storie van 'n nuwe naam vir die identiese, 'n foutvind met die ander se Jool, verskille wat uitgevis word, 'n heeltemal anderse „Vreugdedag" wat daargestel moet word?

Wat dan hiermee bepleit word is nie 'n afskaffing van hierdie besonder-eietreffend-passende benaming „Vreugdedag" nie, maar eerder 'n inskakeling van „Jool" daarby. Dan kan ons praat van Vreugdedag-Jool reklame, Vreugdedag Boeresport, Vreugdedag-Jool ens.

Dit is net enkele gedagtes, dankie,
Oom en Anti-Vreugdedag.

## TAKBESOEK BY A.S.B.

Vier lede van die Hoofbestuur van die A.S.B. het Woensdag takbesoek by die plaaslike A.S.B. afgelê.

Hulle is die president, mnr. Daan van der Merwe, die direkteur vir Landsdiens, mnr. André Pienaar, die direkteur vir Studie en navorsing, mnr. Peet Strydom en die direkteur vir Kulturele aangeleenthede, mnr. Paul de Beer. Die hoofbestuurslede was vergesel van mnr. Christie Kuun, organiseerder van die A.S.B.

Die takbesoek is ook bygewoon deur mnr. Koos du Plooy, voorsitter van die S.R. en mnr. Cassie van der Walt, administratiewe beampte.

Na afloop van die takbesoek het mnr. Van der Merwe verklaar dat hy baie in sy skik is met die P.U.-A.S.B. se werksaamhede.

## Nie-Blanke Kolleges

Mnr. D. A. S. Herbst, direkteur vir rasse-aangeleenthede op die A.S.B.-hoofbestuur, het in 'n onderhoud verklaar dat daar tans altesaam 1,314 nie-blanke studente aan die vyf Universiteitskolleges studeer.

Aan die Indiërkollege in Durban studeer tans 440 studente. Die kollege het in 1961 begin met slegs 110 eerstejaars.

Hy het verder gesê dat daar 222 studente aan Fort Hare is, 192 aan die kollege van die Noorde en 85 aan die Zoeloelandse kollege.

Die getal ingeskrewe studente aan die Kleurlingkollege van Wes-Kaapland is 375.

## Pukke na Kongres

Sowat 45 studente van die P.U. vir C.H.O. sal die jaarlikse kongres en kunsfees van die A.S.B. te Stellenbosch vanaf 2—7 Julie bywoon.

Die studente reis met 'n trein wat spesiaal vir die studente van die Noordelike Inrigtinge beskikbaar gestel word. Nagenoeg 400 studente sal die treinreis meemaak.

Die P.U. se afvaardiging na die kongres bestaan uit ses persone. Hulle is: mnrr. Idyll van der Walt, Koos du Plooy, Kotie de Jager, Cassie Venter, Paul Kruger en Frik van Deventer.

Hierbenewens sal vier waarnemers die kongres bywoon, nl. mej. Erina van der Walt en mnrr. Kerneels van der Walt, Frans de Villiers en Marius Aucamp.

Die ander Pukke gaan almal aan die kunsfees deelneem. Hulle sal deelneem aan volkspele-, toneel-, skaak-, debat- en ander individuele sang-, voordrag- en musiekkompetisies.

LEES ELKE WEEK . . .

Potchefstroom HERALD

★ Volledige plaaslike nuus
★ Sportverslae
★ Universiteitsnuus
★ FLIEKNUUS

ORAL VERKRYGBAAR

## Pukke in Groen en Rooi truie

Koos du Plooy (agtsteman) en Piet van der Schyff (senter) is gekies om Wes-Transvaal te verteenwoordig in die wedstryd teen Westelike Provinsie op Nuweland eerskomende Saterdag.

Du Plooy het Wes-Transvaal reeds in die verlede as vleuel en agtsteman verteenwoordig, maar dit sal die eerste keer wees dat Piet van der Schyff die groen-en-rooi trui aantrek. Hiermee volg hy in die voetspore van sy broers, Jan en Johan.




Carel Grundlingh

Met Puk se gereelde Wes-Transvaalspelers, Carel Grundlingh en Johan van der Schyff, nog steeds op die krukkelys, is hierdie twee spelers, saam met Smous van der Westhuizen, die enigste Pukke wat hierdie seisoen in die Wes-Transvaalspan ingesluit is.

## Noordelike Universiteite Rugbyproewe

Twee Pukspelers is ingesluit in die Noordelike Universiteite-rugbyspan wat vanmiddag op Ellispark kragte meet met die span van die Sentrale Universiteite. Hulle is Piet van der Schyff (senter) en Jaap Badenhorst (voorry).




Piet van der Schyff

*Foto: Fotokuns.*

Verwag word dat meer Pukke ingesluit sal word in die Noordelike Universiteite span wat in 'n voorwedstryd vir die eerste toets teen die Leeus, sal optree.

As gevolg van die Pukke se eie toer deur Natal en Kaapland, is nie een van hierdie spelers beskikbaar vir die toer van die Suid-Afrikaanse Universiteitespan deur Rhodesië gedurende Julie nie.



Die Gimnastiekklub is besig om groot dinge aan te pak. Vertonings hier plaaslik en 'n toer gedurende Julie word in vooruitsig gestel. Hier is Gouws Oberholzer, bobaas gimnas van die Puk besig om sy vaardigheid te toon.

## *Warm uit die oond op die Campus*

**Ai, dis darem lekker om op die Puk te kan wees! Daar is altyd iets om te doen. Daar is ook altyd iets wat gedoen moet word, soos toetse skryf of gekys raak. Dan is daar vakansie-toere en toetse wat finaal gereël moet word, of toetse wat geskryf moet word.**

Dink net aan al die dinge wat daar gedoen kan word, en as dit 'n mens verveel dan is die toetsies 'n welkome afleiding. Dit lyk vir my of almal deesdae toetse skryf, behalwe miskien die Pote wat na Saterdag seker liewer in die koshuise bly. Baie Pukke het Saterdag seker ook weer verlang na hul skooldae toe hulle die opgewondenheid en vreugde oor nietighede by die Pote gesien het. Daardie dag het ek ook weer verlang na die sangklasse wat 'n mens op skool gehad het. Selfs 'n dowe ou kon hoor dat daar gesing word, want almal het uit volle bors gesing. Jammer dat dit net so skielik opgehou het as wat die ligte weer Sondagaand na kerk aangegaan het. Ek wonder wat het hulle so skielik stil gemaak — seker die besef dat hulle mos al mooi groot is, of die wete dat kinders net gesien moet word. Toe daardie gesang my gedagtes deurmekaar gekrap het, het ek opnuut besef dat intervarsity teen 'n universiteit gehou word.

Nou genoeg van die kintergartenstories, want tussen die grootmense hier by ons is baie interessanter nuus.

Die Kulu - Kalkoentjiesvereniging is op 29 April in De Klerkhuis in die lewe geroep deur Kulu-eerstejaars. Die grondslag is „Soewereiniteit in eie kring". Behalwe vir die ander goeie doelstellings, is die belangrikste een: Om die lewe vir die medemens te veraangenaam, soos siekebesoek. Hulle kon seker 'n goeie begin maak want De Klerkhuis se oudames is vanaf 3 Junie geteister deur krankklikhede. Ses het griep opgedoen en een moes 'n neusoperasie ondergaan. My mediese verslaggewer berig dat almal nou weer so herstel het dat sleep en swot sy normale gang gaan.

Klawerhof lyk amper na 'n klooster nadat die sitkamers so goed van diefwering voorsien is dat selfs 'n perd seker nie daar sal kan indring nie.

Bogenoemde versperrings is egter vir *Irene Rumpff* en *Jorrie Jordaan* geen struikelblok nie. Hulle sleep al knaend. 'n Mens kan maar sê hulle sleep „vas".

Die versperrings, of diefwerings, het ook nie verhoed dat *Nel Boshoff* en *Elsie Steyn* verloof raak nie. So het *Gerrit Wissing* en *Lynette van der Walt* ook gemaak. Hulle is nou op die stadium tussen verlief en verlore.

*Nico Roos* en *Linda Strydom* het die geledere van die gekysdes uitgebrei.

*Fritz Pondis* en *Issie Broodryk* sorg (omdat hulle gekys is) vir 'n romantiese atmosfeer in die Engels III-klas.

*Ben Labuscagne* en *Sophie van der Merwe* sê „onderwys is lewe wek!" en in die naam van die onderwys bring hulle meer tyd in mekaar se geselskap deur as by die boeke.

Dan is *Marius Aucamp* en *Gerda Venter* ook al amper veteraan-gekysdes.

Onder die veterane tel ook *Theo Jooste* en *Cecilia Schutte*. Geheimhouding werk nie altyd nie.

*Magriet Piso* en *Piet Willemse* vertel net van die wonderlike naweek op Vanderbyl. 'n Kys wat ook uit 'n vaste verhouding.

*Mada Vorster* en *Hans Vahrmeyer* het ook hul vaste verhouding tot 'n kys gevoer.

*Johan Pepler* (Peppie van Thalia) en *Alta de Kock* word ook knaend saam gesien.

*Freek Viljoen* is ook van daardie manne wat 'n breë uitkyk op die lewe het. Daarom kon hy vir *Stefanie Watts* van Pote ook raaksien. Eintlik het hulle kys ook al sy babaskoene ontgroei.

Wat *Koos du Plessis* se kys is, verstaan niemand nie, maar almal wat Saterdag se wedstryd teen Pote gesien het, besef dat hy liewer bang Koos as dooie Koos is, want hy was seker die enigste vriendelike ou op daardie veld gewees.

● Onthou, my liefling, in die swartste modder speel die Primavark.

Onze Oom Lokomotief.

★ ★
satisfaksie na die aksie




DIE GEROOSTERDE SIGARET IN DIE SWAAI-TOP DOSIE
ONGEKURK EN FILTER
★ ★

## Puk en Pote gelykop—

# Puk verras in laaste minute

**Die eerste rugbyspan van die Puk het Saterdag die onmoontlike reggekry toe hulle hulle bure oorkant die straat tot 'n gelykop beslissing kon dwing in die laaste minute van die wedstryd.**

Hoewel die eindtelling van 11 punte elk sekerlik nie 'n getroue weergawe van die spel was nie, het die Pukke hiermee bewys dat 'n wedstryd nie gewen is voordat die eindfluitjie geblaas het nie.

Voor rustyd het die aspirant-onderwysers baie knap vertoon en een aanval na die ander geloods. Die Pukke is deur die wal gespeel en met die rustydtelling op 11—3 in Pote se guns was dit duidelik dat die swartspan 'n klinkklare oorwinning gaan behaal.

VEERTIEN MAN

Na rustyd het die Puk egter met nuwe vuur begin terugveg en veral die voorspelers, wat in die eerste helfte nie die mas kon opkom nie, het nou een teveel geword vir die Pote. Selfs nadat Piet van der Schyff beseer is en Koos Hattingh op vleuel moes diensdoen, het die sewe oorblywende voorspelers reusewerk verrig en alle eer kom Piet Bingle toe vir die wyse waarop hy die bal weggekrap het voor sy Wes-Transvaal-teenstander, Hasie van Rensburg.

Die Pukvoorspelers sal egter moet leer om hulle lynstaanvoorspelers beter te ondersteun. Hierdie afdeling van die spel is gruwelik verwaarloos en skrumskakel Gieter van der Walt moes telkemale hieronder ly.



Piet Bingle
*Foto: Fotokuns.*


In die laaste sestien minute van die wedstryd het die Puk heeltemal die oorhand gehad en Lou Erasmus se puik drie sal nie gou vergeet word in Puk se rugbykringe nie.

Pote se punte is aangeteken deur Klink en Heymans (een drie elk), en Bokkie Blignaut, die Wes-Transvaalse heelagter, wat met 'n straf- en vervyfskop geslaag het.

Vir die Pukke het Lou Erasmus die enigste drie aangeteken, terwyl Schalk Hoogenboezem met twee strafskoppe en die beslissende vervyfskop geslaag het.

Koos du Plessis was die beste voorspeler op die veld, terwyl manne soos De Wet Kruger, Piet Steinberg en Herman Venter soos tiere ingeklim het.

In die agterlyn hou Lou Erasmus groot belofte in as vleuel. Koos du Plooy het sy plek goed volgestaan op senter en losskakel en weer eens bewys dat hy 'n alsydige speler by uitnemendheid is.



Piet Steinberg, kaptein van die Puk se eerste rugbyspan, druk een van die talle drieë van sy puik rugbyloopbaan.

## Navy sink teen Pote

Die Navy se skip kon Saterdag nie standhou voor die voortdurende aanvalle van die Pote nie, en die geeltruie moes die aftog blaas met 11—3.

Die Navy-agterlyn is telkens ontwrig deurdat Andries Coetzer, 'n knap alsydige speler, te veel op eie houtjie wou uitrig. Swak hantering is nog 'n sakie wat hierdie span se agterlyn sal moet opknap.

Baie goeie spel is gelewer deur Lionel Philips, wat op losskakel en senter getoon het dat daar nog steeds goed van hom gebruik gemaak kan word.

### Uitblinker

Johan Scholtz was die uitblinker onder die voorspelers. Met nog 'n tien of twintig pond by kan hierdie speler groot hoogtes bereik.

Navy se enigste punte is aangeteken deur Andries Coetzer met 'n strafskop.

## PUKKE WEN LANDLOOP



Jurg van der Walt wat Saterdag eerste verby die wenpaal gedraf het in die landloop teen Pote.

Die landloop tussen P.O.K. en Puk is gister deur die Puk gewen met 'n eindtelling van veertig teenoor vyftien. Die eerste ses plekke is gebuit deur Jurg van der Walt, P.U., eerste; D. Donald, P.O.K., tweede; F. Heysteck, derde; J. Buys, vierde; L. Snyman, vyfde en J. Breytenbach, sesde. Almal van die Puk.

## TEKKIES VERLOOR

Tekkies het dieselfde gang gegaan as die ander juniorspanne van die Puk en 16—5 verloor in die wedstryd teen Pote.

Hoewel die Pukke na rustyd stukke beter vertoon het, was die beplanning van Pote se losskakel en binnesenter te veel vir hulle. Hierdie twee manne was direk of indirek verantwoordelik vir al hulle span se punte.

## 0/19's WEN POTE

Die ondernegentienspan van die Puk het reeds verlede Woensdag daarin geslaag om die Pote met vyf punte teenoor nul te klop.

Die kleinspan van die Puk het die oorwinning terdeë verdien, want hulle het in alle afdelings van die spel oorheers, maar dit was veral in die vaste spel wat die Pote swaar geleef het. Dit was weer eens Jona Viljoen wat bewys het dat hy lankal reg is vir groot geselskap.

In die agterlyn het Rossouw goed vertoon en ook sy span se enigste drie gedruk het, wat vervyf is deur Heunis.

# Tafeltennis hou ope-kampioenskappe

**Saterdag 16 Junie 1962 vanaf 2.30 nm. in die studentesaal, hou die P.U.-tafeltennisklub sy eerste ope-kampioenskappe. Sterk kompetisie word verwag, veral in die mansafdeling, en tafeltennis uit die boonste rakke behoort gesien te word.**

Van die beste spelers uit Klerksdorp, Carletonville en Potchefstroom skryf in vir die kampioenskappe. Twee inskrywings van die Normaalkollege Pretoria is ook reeds ontvang.

GUNSTELINGE

Die gunstelinge in die mansafdeling is At Oosthuizen en Danie Bodenstein, albei van Goldfields. Spelers wat egter vir verrassings kan sorg, is dr. Brian Caplan (Klerksdorp Westend), Owen Conradie (Klerksdorp Jeugsentrum) en Faan Oosthuizen (P.U.).

In die damesafdeling behoort mev. Britz (Klerksdorp Sanlam) en mej. René Howard (Klerksdorp Jeugsentrum) sake uit te spook.

Die dubbelspel vir mans belowe 'n baie gelykop stryd tussen At Oosthuizen en Bodenstein van Goldfields aan die een kant van die tafel en Faan Oosthuizen en Glen Murray, laasgenoemde van Klerksdorp Sanlam, aan die anderkant.

Mevv. Naude en Britz van Klerksdorp Sanlam behoort nie veel teenstand te ondervind in die damesdubbelspel nie.

PUKKE

Die Pukke wat ingeskryf het, is Faan Oosthuizen, Piet Marais, Schalk Erasmus, Nic du Plooy, Andries van der Walt, Minnie Styger en Thorina Pretorius.

Touskouers sal nodig wees, en 'n aangename middag kan by hierdie puik program deurgebring word.

## FIRES VERLOOR TEEN POTE

Fires kon ook verlede Saterdag nie die mas opkom teen Pote nie en het met vier-en-twintig punte teenoor veertien verloor.


Die Firesmanne se vuur het ontbreek en dit was veral Pote se losskakel wat dinge vir hulle warm gemaak het. Hoewel Fires die bal net soveel soos Pote uit die skrums en lynstane gekry het kon die agterlyn hulle kanse nie benut nie. Die voorspelers met manne soos Andries de Wet, Lou van Wyk en Abraham Briers het hulle man goed gestaan.

**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertand-lekker hap neem – is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle – die keurbier vir louter plesier – in kannetjies of bottels.



SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER

Grant 345/5877-2A